NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# ONS BEMAGTIG MENSE OM UIT TE STYG

# PROFIEL 2019/2020

# DIE GROTER PRENTJIE

Suid-Afrikaanse **HOËRONDERWYSLANDSKAP**

| | |
|---|---|
| Openbare hoëronderwys-instellings in SA | 26 |
| Omvattende universiteite | 06 |
| Konvensionele universiteite | 14 |
| Universiteite van tegnologie | 06 |

**Noordwes-Universiteit (NWU)**
Een van die konvensionele universiteite in SA

**Universiteite Suid-Afrika**
Beheerliggaam vir SA se hoëronderwysinstansies



# INHOUD


02 Ons ontsluit die toekoms

03 Waar drome waar word

04 Waar dit gebeur...

05 Wie laat dit gebeur?

08 Kolskoot vir uitnemendheid: hier gaan ons!

09 'n Akademiese keurspel

10 Kritieke vaardighede vir die land

14 Die wêreld is ons verhoog

16 Ons maak 'n verskil vir ons bure

18 Hoe groener, hoe beter

19 Innovasie vir die toekoms

20 Hartklop van die NWU: ons fakulteite

32 Kennis sonder grense

33 Goed afgeronde studente

37 Gee verbeelding en voete vlerke


Let asseblief daarop dat alle 2019-syfers voorlopig is, aangesien finale ouditering nog nie afgehandel was toe hierdie dokument saamgestel is nie.

# ONS ONTSLUIT DIE TOEKOMS

## Die gees van die universiteit

Ons weerspieël die diepste wese van die universiteit in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Dit is sigbaar in alles wat ons doen: of ons nou klasgee, navorsing doen, sport beoefen, die studentelewe woema gee, of 'n impak op ons gemeenskappe maak.

Die "sleutels" wat ons gebruik om die toekoms vir ons mense te ontsluit, sluit die volgende in:

- Ons fokus op internasionalisering (p14-15)
- Ons fakulteite (p20-31)
- Ons uitsonderlike programme (p20-31)
- Ons entrepreneuriese leer (p20-31)
- Ons afstandsleervermoë (p32)
- Ons uitnemendheid op sportgebied (p37-39)

## NWU-logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van ons universiteit.

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## Slagspreuk

| It all starts here | Dit begin alles hier | Gotlhe go simologa fano |
|---|---|---|

# WAAR DROME WAAR WORD

## 'n Verenigde instelling

Ons is daartoe verbind om 'n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit te wees wat billikheid, regstelling en globaal mededingende onderrig en navorsing op al ons kampusse moontlik maak.

## Ons strategieverklaring

Ons wil die NWU transformeer en posisioneer as 'n unitêre instelling van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid.

## Ons droom

Om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek.

## Ons doelwit

Om uit te munt in innoverende leer en onderrig en baanbrekersnavorsing, om so die gemeenskap deur kennis te dien.

# WAAR DIT GEBEUR...

Ons kernaktiwiteite, onderrig-leer en navorsing, is vervleg met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie in ons agt fakulteite, waarvan die meeste vir kontak- én afstandstudente voorsiening maak.




## ... met die volgende in gedagte

Ons wil personeel en studente lewer wat betrokke is en waardes het wat gebaseer is op die grondwetlike beginsels van menswaardigheid, gelykheid en vryheid:

- Etiek in alle strewes
- Akademiese integriteit
- Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing
- Verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en deursigtigheid
- Entoesiasme oor diversiteit

# WIE LAAT DIT GEBEUR?

## Leiers wat voor loop

**Adjunk-visekanselier:**
Onderrig en Leer

**Adjunk-visekanselier:**
Navorsing en Innovasie

Die adjunk-visekanseliers op die kampusse is verantwoordelik vir kampusbedrywighede en ander toegewese funksies.

**Hoof en Visekanselier**



**Prof Dan Kwgadi**

Hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat vir die universiteit se algehele prestasie aan die NWU-Raad verantwoording doen.

Benewens die registrateur is daar vier uitvoerende direkteure.

**Adjunk-visekanselier**
(Mafikengkampus)

**Adjunk-visekanselier**
(Potchefstroomkampus)

**Adjunk-visekanselier**
(Vaaldriehoekkampus)

**Registrateur**

**Uitvoerende Direkteur:**
Finansies en Fasiliteite

**Uitvoerende Direkteur:**
Mense en Kultuur

**Uitvoerende Direkteur:**
Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking

**Uitvoerende Direkteur:**
Studentelewe

Ons het agt fakulteite.

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Gesondheidswetenskappe

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Ingenieurswese

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Geesteswetenskappe


**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Opvoedkunde

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Regte

**Uitvoerende Dekaan:**
Fakulteit Teologie

## ’n Wenspan wat woeker

## Ras- en geslagsamestelling van NWU-personeel in *2019




**Vroulik totaal: 3 083** | **Manlik totaal: 2 512**

*(2019-syfers nie finaal nie)*


## So bemagtig ons mense

| | |
|---|---|
| Swart uitvoerende direkteure (as % van die totale getal universiteitsbestuurslede) | 33% |
| Vroulike uitvoerende direkteure (as % van die totale getal universiteitsbestuurslede) | 67% |
| Swart personeel (as % van die totale getal personeellede) | 36% |
| Vroulike personeel (as % van die totale getal personeellede) | 55% |


# Baanbrekers wat na kennis streef

## Navorsingstelkaart

- A 2 605,507 geweegde navorsingsuitset-eenhede in 2017
- A 1 300,04 artikelekwivalente gepubliseer in 2017
- A 215 postdoktorale genote in 2017




*Tussen 2014 en 2018 was daar 'n 45%-toename in die aantal PhD's wat toegeken is.*




*Die getal NNS-gegradeerde navorsers het van 182 in 2014 tot 232 in 2018 toegeneem.*

## Ons bou navorsingskapasiteit

Om meer akademiese personeellede aan te moedig om aansoek te doen vir gradering en om hul navorsingsuitset te verbeter, verskaf die NWU opleiding oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.

## Ons werf nagraadse studente

Ons vergroot ook ons poel navorsingsvaardighede deur aktief meer meesters- en doktorsgraadstudente te werf. In 2018 het ons 1 472 internasionale nagraadse studente op ons kampusse gehad.

# KOLSKOOT VIR UITNEMENDHEID: HIER GAAN ONS!

## Ons taalbeleid is uniek

In ooreenstemming met ons meertalige beleid wil ons die akademiese status van die vernaamste Afrikatale van die streke waarbinne ons kampusse geleë is (Setswana en Sesotho) bevorder.

Daarby handhaaf ons ook Engels en Afrikaans as ons huidige onderrigtale.

Om hierdie meertalige doelwitte te bereik, gebruik ons alle taalhulpbronne wat tot die beskikking is van al ons personeel en studente wat wyd uiteenlopende taalvermoëns het.

Ons uiteindelike doel is uitnemende onderrig-leer – iets wat ons sal bereik deur die studente-ervaring te verbeter. Dit sluit in dat ons enige tale verwelkom wat studente na die universiteit toe bring.

Daarom gaan ons voort om die volgende onderrigmediums te gebruik: enkelmedium (Engels, Afrikaans, Setswana en Sesotho), parallelmedium, dubbelmedium en opvoedkundige tolking.

Ons gebruik ook transtaling. Dit beteken dat die verskillende taalhulpbronne wat studente én dosente na die klaskamer toe bring, geakkommodeer word.

Taalfasilitering vind dan op verskeie maniere plaas, wat opvoedkundige tolking en vertaling insluit.

Uiteindelik sal dit ons studente help om onderrig-leer-inhoud beter te bemeester, te internaliseer en weer te gee – en hulle sal dit in meer as een taal kan doen.



# ’n AKADEMIESE KEURSPEL

**By die NWU kry studente veel meer as net ’n opvoeding: ons bied aan hulle ’n plek in die wêreld.** Ons bied ’n groot verskeidenheid akademiese programme aan waaruit studente kan kies en keur. Dit help hulle om hul volle potensiaal te verwesenlik en hul loopbane te begin ontwikkel.

## Onderrig-leer-telkaart

Ons het ons studente-inskrywings, slaagsyfers en aantal toegekende kwalifikasies aansienlik verhoog sedert 2004, toe die NWU tot stand gebring is.

**Studente ingeskryf**
2004 → 2018
40 145 → 61 212
**52%** totale groei

**Voorgraadse slaagsyfer**
2005 → 2018
78,02% → 83,2%
**7%** totale groei

**Kwalifikasies toegeken**
2004 → 2018
9 657 → 15 350
**59%** totale groei

**PhD’s toegeken**
2004 → 2018
87 → 248
**185%** totale groei

## Slaagsyfers en kwalifikasies toegeken van 2014 tot 2018

’n Uiteensetting van ons prestasie tydens die afgelope vyf jaar skets ’n meer onlangse prentjie.

| | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse slaagsyfer | 86,1% | 85,1% | 86,16% | 85,08% | 83,2% |
| Graadverwerwingskoers | 24,1% | 24,3% | 27,62% | 25,6% | 25,1% |
| Grade en diplomas toegeken | 15 254 | 15 597 | 17 510 | 16 004 | 15 350 |
| Meestersgrade toegeken | 746 | 742 | 744 | 813 | 753 |
| PhD’s toegeken | 171 | 222 | 238 | 235 | 248 |

# KRITIEKE VAARDIGHEDE VIR DIE LAND

Deur kontak- en/of afstandsonderrig en toepaslike onderrig-leer-tegnologieë bied ons 'n reeks kwalifikasies en akademiese programme aan wat fokus op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede.

## Onderwysers

Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe lewer 'n belangrike bydrae om aan die land se behoefte te voldoen aan gekwalifiseerde, professionele onderwysers. Dit is een van die min hoëronderwysfasiliteite wat betrokke is by die opleiding van meganiese, siviele en elektriese tegnologie-onderwysers, wat baie in aanvraag is.

Ons prioritiseer grafiese ontwerp vir ingenieurswese as 'n kritieke leerarea, net soos voorgraadse en nagraadse programme met spesialiserings in skaars vaardighede, soos die wetenskappe, wiskunde en tale.

## Rekenmeesters

Ons bied vier professionele rekeningkundegrade tot op honneursvlak aan. Dit is BCom in forensiese rekeningkunde, geoktrooieerde rekeningkunde, bestuursrekeningkunde en finansiële rekeningkunde. Die NWU is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat al vier spesialiserings op voorgraadse vlak én op honneursvlak aanbied.

Ons studente vaar deurgaans besonder goed in die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters.

Ons bied meestersgrade aan in spesialiserings soos rekeningkunde, forensiese rekeningkunde, belasting, mensehulpbronbestuur, toerismebestuur, statistiek, informatika, risikobestuur en internasionale handel.

Ons bied ook 'n PhD in ekonomiese en bestuurswetenskappe aan, met programme in kritieke navorsingsareas soos onder meer forensiese rekeningkunde, internasionale handel, risikobestuur, rekeningkunde, belasting en arbeidsverhoudingebestuur.

## Regskundiges

Die Fakulteit Regte is bekend vir sy graduandi in internasionale handelsreg, omgewingsreg en volhoubare ontwikkeling – vakgebiede wat vir enige ontwikkelende land belangrik is.

## Toerismebestuurders

Daar is 'n tekort aan goed gekwalifiseerde toerismebestuurders in Suid-Afrika en daarom bied ons grade aan wat aan die behoeftes van die bedryf voldoen.

Met ons BA-, BCom- en BSc-grade neem ons toerismeopleiding na 'n professionele vlak en lewer ons graduandi wat kan bydra tot die groei van toerisme in Suid-Afrika. Toerisme het die potensiaal om Suid-Afrika se vooruitsigte in die komende jare te verbeter.

## Wiskundiges en natuurwetenskaplikes

Ons bied 'n aantal voor- en nagraadse kwalifikasies in die kritieke vakgebiede van wiskunde en natuurwetenskappe aan. Wiskunde is die taal van wetenskap, en vorm die grondslag van alle wetenskaplike ontwikkeling en navorsing. Dit dra op verskillende maniere by, soos byvoorbeeld dat dit metodes daarstel vir die insameling en ontleding van en verslagdoening oor data.

Ons bied ook grade aan in bedryfswiskunde en informatika, met spesialiserings in besigheidsanalise, kwantitatiewe risikobestuur en finansiële wiskunde. Daarby verskaf ons ook opleiding aan rekenaarwetenskaplikes, inligtingstegnoloë en inligtingstelselspesialiste, en rus ons studente toe met vaardighede wat nodig is in die vierde industriële revolusie.

Natuurwetenskappe soos fisika, chemie en biologiese wetenskappe is ook belangrik vir die land se ontwikkelingsbehoeftes.

## Taalpraktisyns

In meertalige en multikulturele Suid-Afrika is gespesialiseerde vaardighede vir vertaling, teksredigering, tolking, oudiovisuele vertaling (subtitel-werk en oudiobeskrywing vir blindes) en gebaretaal van onskatbare waarde. Trouens, daar is 'n groeiende vraag na gekwalifiseerde taalpraktisyns wat kan bydra tot die ontwikkeling van ons meertalige samelewing.

In hierdie taalpraktykareas bied ons onderwys en opleiding op voorgraadse en nagraadse vlak aan. Op nagraadse vlak ontwikkel ons gespesialiseerde navorsingsvaardighede en bied ons opleiding aan in gevorderde navorsingsmetodes vir taalpraktyk. (Voorbeelde is korpusanalise, oogvolging en sleuteldrukvaslegging, wat slegs die NWU op nagraadse vlak aanbied.)

## Ingenieurs

Ons bied spesialiserings aan wat wissel vanaf chemiese ingenieurswese (onder meer mineraalverwerking) en elektromeganiese ingenieurswese, tot meganiese en bedryfsingenieurswese. Die Fakulteit Ingenieurswese fokus op die toerus van ingenieurs en navorsers vir geïntegreerde energieoplossings.

In besigheid en die industrie is vroue onderverteenwoordig in wiskunde en statistiek (4:5, oftewel vier vroue teenoor elke vyf mans) en IKT en tegnologie (2:5), sowel as in ingenieurswese, vervaardiging en konstruksie (3:10).

Oor die afgelope drie jaar was die vroulike ingenieurstudente gemiddeld 20% van die totale aantal ingenieurstudente. Dit is ʼn styging van 5% sedert die begin van ons Vroue in Ingenieurswese-inisiatiewe in 2015.

## Dieregesondheidstegnici

Ons lei dieregesondheidstegnici op wat ʼn baie belangrike rol vervul in die lig van die nypende tekort aan professioneel opgeleide veeartse in Suid-Afrika, en die vraag na tegnici met opleiding in navorsing.

## Transdissiplinêre gesondheidsberoepslui

Die MHSc in transdissiplinêre gesondheidsbevordering bemagtig studente om oor dissiplinêre grense heen navorsing oor welstand te doen, en wel deur aktiewe deelname in gemeenskappe. Dit rus studente toe met die vaardighede wat noodsaaklik is in ʼn land met komplekse gesondheidsuitdagings.

## Farmaseutiese wetenskaplikes

Die DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform is ʼn gehuisveste platform wat aanvanklik deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie befonds is. Een van hulle funksies is om nagraadse studente op te lei wat farmaseutiese wetenskappe in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe studeer.

## Medisynereguleringspesialiste

Die WGO se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes ontwikkel voortdurend nuwe kortkursusse vir internasionale medisynereguleringsowerhede, om regulatoriese kapasiteit uit te bou.

## Beroepshigiëniste

Die BHSc in beroepshigiëne is die enigste vierjarige professionele graad vir beroepshigiëniste in Suid-Afrika. Dit is ook waardevol vir buurlande wie se beroepshigiëneraamwerke grootliks op Suid-Afrika se wetgewing en kundigheid staatmaak.

## Gesondheidswetenskapopvoeders

Die Sentrum vir Gesondheidsberoepe-opleiding rus akademici toe om wetenskaplikes te wees in hoëronderwys-onderrig-leer. Hulle voorsien uitstekende leeromgewings vir gesondheidswetenskapstudente en ontwikkel kritieke navorsingsvaardighede in gesondheidsberoepe-opleiding.

## Vertolkers van antieke tale

Die NWU is uniek wat betref die aantal antieke tale wat ons aanbied. Kennis van hierdie tale was nog altyd 'n skaars vaardigheid, en hoewel antieke tale 'n klein vakgebied is, is daar 'n groot vraag na mense wat antieke dokumente kan vertolk.

## Omgewingsbestuurders

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het omgewingsbestuur gelys as 'n "grootste aanvraag"-beroep en beskou dit as die 35$^{ste}$ skaarsste vaardigheid in Suid-Afrika.

Ons meestersgraadprogram in omgewingsbestuur, aangebied deur die Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur, verskaf wêreldgehalte nagraadse opleiding en navorsing oor die prestasie van verskillende omgewingsbestuursbenaderings en -instrumente.

## Stads- en streeksbeplanners

Stads- en streeksbeplanning is ook 'n nasionale skaars vaardigheid. Dit is een van vyf voorkeurvaardighede wat geoormerk is vir onmiddellike aandag in die Gesamentlike Inisiatief vir die Verwerwing van Voorkeurvaardighede se verslag (JIPSA-verslag).

Ons Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe bied 'n BSc in stads- en streeksbeplanning aan. Dié professionele graad is by die SA Raad vir Stads- en Streeksbeplanners geakkrediteer.



# DIE WÊRELD IS ONS VERHOOG

Deur samewerking met ander universiteite en instansies wêreldwyd is ons deel van die globale hoëronderwysgemeenskap. Ons internasionaliserings-aktiwiteite sluit in uitruilprogramme vir studente en personeel en samewerking in akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede.

In 2018 het ons 2 614 internasionale studente van meer as 80 lande gehad. Van hulle was 1 472 nagraadse studente, waaronder 517 doktorale kandidate.



## Samewerking hier en in die buiteland

Die NWU het betrekkinge met talle universiteite in Suid-Afrika en in die buiteland. (Kyk wêreldkaart hierbo.)

Die internasionale liggame is ook versprei oor die aarde en sluit entiteite in wat in ’n verskeidenheid dissiplines aktief is. Dit strek van die mediese bedryf, gesondheid, teologie en energie tot die ekonomie, opvoedkunde, handel en sport.

In Suid-Afrika werk ons saam met mense in industrieë soos farmaseutika, toerisme, mynwese, bankwese en elektrisiteitsverskaffing, en ook saam met plaaslike besighede, museums en ’n dieretuin.

Ons het ook betrekkinge met nasionale professionele entiteite en beheerliggame op die vakgebiede van sielkunde, regte, onderwys, gesondheid, toerisme, landbou, rekeningkunde, tesourie, ingenieurswese en kunsmatige intelligensie.

Ons skakel met verskeie provinsiale en nasionale regeringsdepartemente, en daar is noue samewerking met plaaslike gemeenskappe, tradisionele owerhede, sportklubs (plaaslik, provinsiaal en nasionaal), sakekamers en plaaslike munisipaliteite.

# ONS MAAK 'n VERSKIL VIR ONS BURE

## Volhoubare impak

Om ons kundigheid met ander te deel, is vervleg met ons kernbesigheid (onderrig-leer en navorsing). Dit sluit volhoubaarheid en gemeenskapsimpak in.

Party van hierdie aktiwiteite skep derdegeldstroominkomste deur kortkursusse, konsultasie of tegnologieoordrag.

Wanneer ons in en saam met gemeenskappe werk, is dit egter dikwels nie om wins te maak nie. Personeel en studente pak sulke aktiwiteite aan om die gemeenskap op te hef deur ontwikkelingsbetrokkenheid, gemeenskapsdiensprojekte, uitreik en vrywilligerwerk.

Ons aktiwiteite behels dikwels navorsing oor, met en binne gemeenskappe. Hierdie aktiwiteite is interaktief – ons leer dus ook van ons gemeenskappe. Boonop verskaf dit ook geleenthede vir ons studente om in gemeenskappe te werk en te leer.

Ons verbintenis tot plaaslike gemeenskappe is deel van ons visie (droom), met die klem op wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek. Ons beskou die drie munisipaliteite waar ons kampusse geleë is as ons primêre gemeenskappe.

In 2018 was die NWU by ongeveer 201 gemeenskapsverwante aktiwiteite betrokke. Vir sommige van hierdie projekte was ons alleen verantwoordelik, en in ander gevalle het ons slegs deelgeneem, terwyl ander groepe aan die stuur was.

Ons studente het ongeveer 100 studentgedrewe gemeenskapsuitreikaktiwiteite op die drie kampusse onderneem. Daar was ook baie ad hoc-aktiwiteite soos waterinsamelingspogings en ondersteuningstaptogte ten bate van die Kankervereniging van Suid-Afrika.



# Betrokkenheid by gemeenskappe

Om gemeenskappe op te hef, te ontwikkel en te betrek, inisieer ons projekte of neem ons deel aan projekte wat:

- opleiding verskaf aan voorskoolse versorgers, lede van NRO's, staatsamptenare, beginnermaatskappye (met spesifieke fokus op vroulike entrepreneurs) en opkomende boere
- ons kundigheid op gemeenskapsradioprogramme deel
- gratis regsdienste en primêre dieregesondheidsdienste verskaf aan mense wat nie kommersiële dienste kan bekostig nie
- sportklinieke in en om ons kampusse aanbied



# Vennootskappe met skole

Ons berei belowende graad 12-leerders voor vir hul matriekeksamen, bied 'n Winterskool en 'n Wetenskapweek aan, skenk MyLab-stelle en help met natuurwetenskapeksperimente.

Verder lei ons onderwysers, kantoorgebaseerde personeel en onderwysleiers op, help om nuwe skoolbiblioteke tot stand te bring of om bestaande biblioteke uit te brei, leer talentvolle jong musici om instrumente te bespeel en help onderwysers om hul sportafrigtingsvaardighede te slyp.

Ons Volhoubaarheid en Gemeenskapsimpak-span het ook verskeie studies vir korporatiewe en burgerlikesamelewingsvennote voltooi wat die impak van hul gemeenskapsgebaseerde intervensies meet.



# HOE GROENER, HOE BETER

Ons verantwoordelikheid teenoor die omgewing en ons veldtogte om ander mense ook van hulle verantwoordelikheid bewus te maak, is vir ons baie belangrik. Ons hou byvoorbeeld elke jaar kompetisies om te kyk watter koshuis die meeste energie bespaar en is tans besig om te bepaal wat ons basislynverbruik van alle noodsaaklike hulpbronne is. Werkgroepe help ook met die bestuur en vermindering van water- en energieverbruik.

Tydens Wêreldwye Klimaatsveranderingsweek stal ons boeke uit oor klimaatsverandering en hou ons kunsuitstallings (met kunswerke wat van herwonne materiaal gemaak is) en paneelbesprekings oor die onderwerp.



## Bekamping van MIV/Vigs

Die MIV/Vigs-pandemie het ’n groot impak op Suid-Afrika, en die bekamping van MIV/Vigs is ’n prioriteit vir die universiteit.

MIV/Vigs-dienste is op alle kampusse beskikbaar deur studenteberading en -ontwikkelingsdienste, gesondheids- en welstandsdienste vir personeel, en gesondheidsklinieke op die kampusse. Hulle verskaf vrywillige berading (insluitende langtermynberading) en toetsing aan personeel en studente.

Studente kan ook betrokke raak as aktiviste op hul kampusse. Die NWU se MIV-kantoor fokus op bewusmakingsveldtogte oor die voorkoming van MIV, stigmatisering en diskriminasie, reproduktiewegesondheid-opvoeding, voorkoming van moeder-na-kind-oordrag, veilige seksuele gedrag en gesonde interpersoonlike verhoudings.

# INNOVASIE VIR DIE TOEKOMS

## Inkomste deur innovasie

Patente en produkverkope het sowat R18 miljoen in 2018 gegenereer. Daar is 56 toegestane RSA-gepatenteerde uitvindsels in ons intellektuele-eiendom-portefeulje, en baie daarvan is ook internasionaal geregistreer, in 59 verskillende lande. Altesaam 636 individuele patentaansoeke is tot dusver geregistreer.

Die NWU is by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Navorsings- en Innovasiebestuur se konferensie in 2017 aangewys as die mees innoverende universiteit in Suid-Afrika – dit is volgens die "Clarivate Analytics IP and Innovation review".

### Newemaatskappye

Die NWU stig innoverende klein en mediumgrootte newemaatskappye as deel van ons kommersialiseringstrategie en hou ekwiteit in of verdien tantième uit sommige van hierdie maatskappye. Die NWU het al 36 tegnologie-verwante newemaatskappye ontwikkel, waarvan 27 steeds aktief is.

## Draai elke sent om

Die NWU is 'n finansieel stabiele universiteit wat winsgewend is en 'n groeiende inkomste het, ondanks kostedruk.

| Totale inkomste in 2018: R4 901 miljoen | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **2014** | **2015** | **2016** | **2017** | **2018** |
| Totale inkomste | R3 206m | R3 527m | R3 838m | R4 193m | R4 901m |
| Surplus (herhalende items) | R104m | R136m | R229m | R500m | R860m |
| Personeelkoste / totale koste | 52,6% | 54,7% | 54,8% | 55,9% | 55,2% |
| Selfgegenereerde inkomste | R933m | R946m | R990m | R1 038m | R1 166m |
| % van inkomste vanaf regering | 39,5% | 38,8% | 40,1% | 41,4% | 41,0% |
| % van inkomste uit klasgeld | 31,2% | 33,2% | 32,4% | 33,8% | 35,1% |
| Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte | R76m | R63m | R53m | R72m | R115m |

# HARTKLOP VAN DIE NWU: ONS FAKULTEITE




## Hier is die fakulteite se studentetalle vir *2019:

| Fakulteit | Studente | Fakulteitskleur |
|---|---|---|
| Opvoedkunde | 29 549 | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 11 579 | |
| Ingenieurswese | 1 804 | |
| Gesondheidswetenskappe | 6 848 | |
| Geesteswetenskappe | 6 284 | |
| Regte | 3 123 | |
| Natuur- en Landbouwetenskappe | 6 548 | |
| Teologie | 812 | |
| **Totaal** | **66 547** | |

**(2019-syfers is nie finaal nie)*

# OPVOEDKUNDE

## Entrepreneuriese leer

As deel van onderwysersopleiding bied die vakgroep Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir Onderwys programinhoud met 'n sterk entrepreneuriese grondslag aan. Dit is om ekonomiese groei en finansiële onafhanklikheid te bevorder.

Kortleerprogramme met 'n entrepreneuriese benadering en inhoud word ook aangebied as deel van die professionele ontwikkeling en opleiding van huidige onderwysers.

## NWU-navorsingsentiteite

- Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights)
- Selfgerigte Leer (SGL)
- Gemeenskapsgebaseerde Opvoedkundige Navorsing (COMBER)
- Edu-Lead

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Nagraadse studente in opvoedkundige sielkunde bied gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan by 'n provinsiale hospitaal.
- Die "Little African Scientists"-projek help met indiensopleiding van grondslagfase-onderwysers by verskeie skole, en moniteer en ondersteun leerders in wiskunde en wetenskap. Standard Bank van Suid-Afrika verskaf finansiële ondersteuning.
- Die fakulteit verskaf "groen" sanitêre produkte aan vrouestudente vir die hele tydperk wat hulle studeer. Die volgende fase van hierdie projek behels vervaardigings- en entrepreneuriese inisiatiewe.

## Uitsonderlike programme

Ons is 'n eenstopfasiliteit vir onderwysersopleiding wat al die onderwysfases en onderwyserbehoeftes insluit en 'n multimodale afleweringmodel gebruik wat voorsiening maak vir kontak- en afstandsleer.

- Die fakulteit maak voorsiening vir alle vlakke van onderwyserontwikkeling. Ons vlagskipaanbod is die BEd, wat die al die aanvanklike onderwysersopleiding-programme insluit, naamlik die grondslag-, intermediêre, senior en verdere onderwys en opleiding-fases.
- Nagraadse programme sluit in die Nagraadse Onderwyssertifikaat, 'n gevorderde program wat onderrig word deur kontak- of afstandsleer, en BEdHons-, MEd- en PhD-kwalifikasies.
- Ons bied ook verskeie voortgesette onderwys-programme aan op sertifikaat- en diplomavlak, asook gesogte nagraadse programme (BEdHons, MEd en PhD).

## Navorsingsleerstoel

- UNESCO-leerstoel oor Multimodale Leer en OOH (Oop Opvoedkundige Hulpbronne)

# EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## Entrepreneuriese leer

- Soos wat formele arbeidsmarkte krimp en tradisionele werksgeleenthede minder word, word entrepreneurskap al hoe belangriker. Met ons groot akademiese verskeidenheid en die talle geleenthede wat ons aanbied om vaardighede met betrekking tot entrepreneurskap te ontwikkel, help ons ons studente om kreatiewe idees te implementeer.
- Studente kan ook praktiese entrepreneurskapervaring by die Bhive-sentrum vir ondernemingsontwikkeling in Vanderbijlpark opdoen. Aktiwiteite sluit in 'n studentebesigheidskompetisie, twee studenteverenigings (YEBO en Enactus) en 'n nagraadse leierskaps- en vaardigheidsontwikkelingsprogram vir IT-graduandi.

  Vroue-entrepreneurs kan aan die Ondernemende Vroue-program deelneem, terwyl gemeenskapsgebaseerde entrepreneurs kan deel word van ons inkubasieprogram of voordeel trek uit ons afrigters en mentors.
- Programme in entrepreneurskap is deel van die BCom in bestuurswetenskappe, hetsy met veiligheids- of ondernemingsbestuur. Modules in probleemoplossing vir bestuurders is ingesluit in die BCom in bestuurswetenskappe, BSc IT en BSc Verbruikerswetenskappe.

## NWU-Besigheidskool

Die skool bied deeltydse kwalifikasies en akademiese programme aan – Saterdagoggende in Afrikaans in Potchefstroom, Maandagaande in Engels in Vanderbijlpark, en oor geselekteerde naweke in Engels in Mahikeng. Die MBA-kwalifikasie is by die Vereniging van MBA's geakkrediteer.

## Uitsonderlike programme

- Ons programme sluit in: vervoerekonomie, logistieke bestuur, forensiese rekeningkunde, internasionale handel, landbouekonomie, belasting, bankwese en finansiële risikobestuur, toegepaste risikobestuur, bestuursrekeningkunde, finansiële rekeningkunde, en toerismebestuur.
- Die kort leerprogram in wildlewebestuur lok plaaslike en internasionale deelnemers en die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur bied 'n tweejarige deeltydse MCom in toegepaste risikobestuur aan.
- Die program in forensiese rekeningkunde bied die voorbereidende kursusse en raadseksamen vir volle lidmaatskap van die Instituut van Kommersiële Forensiese Praktisyns (IKFP) aan. IKFP is 'n selfregulerende beroepsliggaam vir kommersiële forensiese praktisyns in Suid-Afrika, wat by SAKO geakkrediteer is.

## Navorsingsleerstoel

Wêreldhandelsorganisasie-leerstoel (WHO)

## NWU-navorsingsentiteite

- Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES)
- Workwell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Handel en Ontwikkeling (TRADE)
- Globale Innoverende Gefokusde Talent (GIFT)
- Tegnologieverbeterde Leer en Innoverende Onderwys en Opleiding, Suid-Afrika (TELIT-SA)

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Ons personeel en studente help naburige gemeenskappe deur hul kennis oor te dra en as vrywilligers diens te doen. Personeel van die Skool vir Rekeningkunde stel hul kundigheid aan die openbare sektor beskikbaar deur op die rade van die Generaal De la Rey-hospitaal en die Thusong-hospitaal te dien, deur opleiding aan te bied aan werknemers van Mahikeng se plaaslike munisipaliteit en deur rekeningkundeonderwysers by plaaslike skole se vaardighede op te gradeer.
- Studente bied ekstra rekeningkunde- en wiskundeklasse aan by plaaslike skole en is ook betrokke by boekinsamelings- en herwinningsprojekte. Programme oor entrepreneurskap word vir vroue aangebied en die Sentrum vir Ekonomiese Geletterdheid het 30 mans uit die gemeenskap met finansiële bestuur bygestaan.

# AANDAG ALLE VROUE-ENTREPRENEURS!

- Het jy onlangs ’n onderneming begin of beplan jy om een te begin?
- Het jy ondersteuning nodig om jou onderneming te ontwikkel?

**INDIEN JOU ANTWOORD JA IS, IS DIE ONDERNEMENDE VROUE-PROGRAM**

# BESLIS VIR JOU!

# INGENIEURSWESE

## Entrepreneuriese leer

Ons akademiese benadering is op entrepreneuriese denke gebaseer. Verskeie finalejaars- en nagraadse projekte is al in suksesvolle ondernemings omskep, soos CFAM Technologies, Jonker Sailplanes en Genio Intelligent Roasters.

Vir die besigheidsingenieurswese-module by Bedryfsingenieurswese moet studente 'n befondsbare sakeplan opstel. Verder het die ingenieursbestuursmodel 'n multidissiplinêre en interdissiplinêre benadering, met studente wat aan verskillende aspekte aandag gee, ook die ekonomie.

## NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid in Koolstofgebaseerde Brandstowwe
- Eenheid vir Energie en Tegnologiestelsels
- Meertalige Spraaktegnologieë (MuST)

## Uitsonderlike programme

- Ons internasionaal geakkrediteerde BEng-grade het sewe verskillende spesialisrigtings. Dit is chemiese ingenieurswese, chemiese ingenieurswese met mineraalverwerking, rekenaar- en elektroniese ingenieurswese, elektriese en elektroniese ingenieurswese, elektromeganiese ingenieurswese, meganiese ingenieurswese en bedryfsingenieurswese.
- Daar is uitgebreide nagraadse studiegeleenthede. Op meestersgraadvlak kan studente kies tussen meestersgrade in ingenieurswese of 'n MSc in ingenieurswese.

  Eersgenoemde het sewe spesialiserings, naamlik chemiese, rekenaar- en elektroniese, elektriese en elektroniese, meganiese, kern-, ontwikkelings- en bestuurs-, en bedryfsingenieurswese. Die MSc in ingenieurswese is in chemiese, rekenaar- en elektroniese, elektriese en elektroniese, meganiese en kerningenieurswese.
- Ons bied doktorsgrade aan in chemiese, rekenaar-, rekenaar- en elektroniese, elektroniese, elektriese, elektriese en elektroniese, ontwikkelings- en bestuurs-, meganiese, kern- en bedryfsingenieurswese, asook ingenieurswetenskap.
- Ons fakulteit is ook een van baie min ingenieursfakulteite wat 'n nagraadse diploma in kernwetenskap en -tegnologie aanbied.

## Navorsingsleerstoele

- DWT/NNS-leerstoel in Steenkoolnavorsing (SARChI)
- DWT/NNS-leerstoel in Biobrandstof en Ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe (SARChI)
- DWT/NNS-leerstoel in Kerningenieurswese (SARChI)
- ESKOM EPPEI Spesialiseringsentrum vir Emissiebeheer

## Gehuisveste entiteite, platforms en institute

- DWT/HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde
- DHN-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging (SVGV)

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Ons Akademie vir Wetenskap, Ingenieurswese, Tegnologie en Gesondheid (SETH) berei toekomstige ingenieurs voor deur ekstra klasse by ’n hoërskool in Potchefstroom aan te bied. Hulle bied ook die Xcel-program aan wat leerders help om hul Nasionale Seniorsertifikaatuitslae in wiskunde en fisiese wetenskappe te verbeter.
- Ons bou ook toestelle en apparaat vir personeel en pasiënte by die Beroepsgesondheidsafdeling van die Potchefstroomse Hospitaal, en ontwikkel fasiliteite vir ’n gemeenskapstuinprojek in Orange Farm.



# GESONDHEIDSWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- Ons het 'n wye verskeidenheid programme – van die farmaseutiese wetenskappe en voeding tot beroeps-higiëne, positiewe sielkunde en kinderbeskerming.

  Sommige is enig in hul soort in Suid-Afrika, soos die BHSc en PhD in beroepshigiëne en die MSW in kinderbeskerming en forensiese praktyk.
- Ons Magister Pharmaciae in farmasie-praktyk-programme berei professioneel gekwalifiseerde aptekers voor vir gespesialiseerde areas. Dit is farmakowaaksaamheid en farmako-epidemiologie, farmaseutiese en gesondheidsekonomie en -beleid, en farmaseutiese openbaregesondheid-sorgbestuur.
- Ander noemenswaardige programme is:
  - MSc en PhD in farmaseutiese wetenskappe
  - MSc (voeding) en MSc (dieetkunde)
  - MHSc en PhD in gesondheids-beroepe-opleiding
  - MHSc in transdissiplinêre gesondheidsbevordering
  - PhD in transdissiplinêre gesondheidswetenskappe
  - BHSc in beroepshigiëne en biokinetika ('n vierjarige professionele graad)
  - MA en PhD in positiewe sielkunde
  - Meestersgraad in gesondheids-wetenskappe (navorsingsielkunde)

## Entrepreneuriese leer

- Verbruikerswetenskappe is baie geskik vir entrepreneuriese ont-wikkeling. Hier kry studente praktiese en teoretiese blootstelling in voedsel, mode, ondernemingsbestuur en bemarking.

  'n Opwindende element van die nuwe programme in voedselproduk-ontwikkeling en die modeproduksielyn behels werklike verbruikersgefokusde produkontwikkeling, wat help om studente se entrepreneuriese vaardighede te uit te brei.
- Ons Afrika-eenheid vir Transdissipli-nêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR) se navorsing, onderrig-leer en gemeenskapsbetrokkenheid het 'n sterk volhoubaarheids-, deelnemende en entrepreneuriese benadering.
- Die Social Greenhouse® maak volhoubare gemeenskapsgebaseerde produkontwikkeling moontlik om die gaping tussen tegnologie en die gemeenskap te oorbrug.
- Die DWT/NWU Prekliniese Genees-middelontwikkelingsplatform bied nagraadse kwalifikasies aan wat in die akademie én die bedryf funksioneer.

  Studente se navorsingsprojekte is dikwels gebaseer op versoeke van die bedryf, of van nasionale regerings-departemente. So kan studente wetenskaplike beginsels toepas en terselfdertyd blootstelling kry aan die regulatoriese vereistes van die werkplek.

## NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)
- Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (PharMaCen)
- Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)
- Psigososiale Gemeenskapsnavorsing (Compres)
- Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)
- Kwaliteit in Verpleging en Vroedvrousorg (NuMiQ)
- Leefstylsiektes
- Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA)
- Beroepshigiëne en Gesondheids-navorsingsinisiatief (BHGNI)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddel-ontwikkelingsplatform (PKGOP)

Mediese Navorsingsraad Buitemuurse Eenheid vir Hipertensie en Kardiovaskulêre Siekte

## Kommersiële navorsingsentiteit

Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste

## Navorsingsleerstoel

DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika (SARChI)

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Ons streef daarna om die gesondheid te verbeter van Suid-Afrikaners sowel as mense in ander Afrikalande.
- AitaHealth is ŉ gemeenskaps-georiënteerde primêresorgprojek wat behels dat huishoudings besoek word en data op ŉ mobiele toepassing ingesamel word.
- Ons bied ook oefenprogramme aan vir vroue in Ikageng in Potchefstroom en ŉ program om die motoriese vaardighede van die inwoners van Huis Amelia, ŉ versorgingsentrum vir verstandelik gestremde mense, te ontwikkel. Deur die Phelophepa-trein verskaf sielkunde-, farmasie- en verpleegkundestudente dienste aan lede van die gemeenskap.
- Twee projekte fokus op kapasiteits-bou. ImpENSA verbeter vroeë voeding en gesondheid deur gesond-heidsorgpraktisyns en gemeenskaps-gesondheidswerkers te bemagtiging. Die Afrika Voeding-leierskapsprogram, ŉ Pan-Afrikaanse program, ontwikkel leierskapskapasiteit in voeding onder praktisyns in Afrika.

# GEESTESWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

Die geesteswetenskappe rus studente toe met kritiese denke en analitiese vaardighede, wat al hoe belangriker word in die digitaal gedrewe wêreld van werk.

A Die vierjarige BA-program in grafiese ontwerp is daarop gerig om kreatiewe probleemoplossers te lewer wat gereed is vir die arbeidsmark.

A Die Skool vir Tale administreer jaarliks ’n beurstoekenning ter waarde van R1 miljoen van die Departement van Kuns en Kultuur. Dit is vir studente wat tale, linguistiek en toegepaste linguistiek studeer, vanaf voorgraadse tot meestersgraadvlak. Beurse is op al drie kampusse beskikbaar vir studente wat in ons programme geregistreer is.

A Ons oorvloedige digitale hulpbronne en kundigheid is ’n belangrike deel van ons taalaanbod. Die NWU huisves die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLar), wat as een van hul projekte ’n meertalige leerderkorpus van akademiese taal opbou.

Ons is ook deel van die Inter-institusionele Sentrum vir Taalontwikkeling en Assessering, wat regverdige en onbevooroordeelde akademiese geletterdheidstoetsing wil verseker en besig is om ’n aanlyn skryfhulpmiddel te ontwikkel.

## NWU-navorsingsentiteite

A Eenheid vir Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks

A Instaatstelling van Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA)

A Bevolking en Gesondheid

A Maatskaplike Transformasie

A Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)

A Inheemse Taalmedia in Afrika (ILMA)

A Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA)

A Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing (ViNCO)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR)

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- Die Musikhane-gemeenskapsuitreiking-musiekprogram by die Skool vir Musiek skep geleenthede vir leerders en student-onderwysers om betekenisvolle musiekervarings te hê.

  Die program is gekoppel aan verpligte gemeenskapsmusiekmodules en sluit vyf gemeenskapsvennote in, onder meer drie sekondêre skole rondom Potchefstroom. Die program verken musiekonderrig, personeelontwikkeling en gemeenskapsmusiekdeelname.

- Byderhand is 'n interdissiplinêre digitale letterkundeprojek van die vakgroep Skryfkuns.

  Dit bied interaktiewe, multisensoriese leeservarings aan gesiggestremde leerders. Digitale toestelle en 'n verskeidenheid media, inhoud en kontekste word gebruik, byvoorbeeld in die NWU Botaniese Tuin in Potchefstroom en die Tuin van Digters by die Breytenbach-sentrum vir gesiggestremdes in Wellington.

# REGTE

## Uitsonderlike programme

Die Fakulteit Regte word hoog aangeskryf vir sy leierskap in vakgebiede soos omgewingsreg, bestuursreg en internasionale handel, terwyl hulle ook op die voorpunt bly van meer tradisionele vertakkings van die reg soos handelsreg en strafreg.

Ons nagraadse aanbod sluit die volgende in:

- Doktor in die regte in verskeie dissiplines, soos publiekreg, strafprosesreg, internasionale handel en sakereg, omgewingsreg en handelsreg
- PhD in regte met regte en ontwikkeling
- Twee LLM-strome (navorsing of gedoseerd) met 19 verskillende programspesialiserings in verskillende terreine van die reg
- MPhil in omgewingsreg en bestuursreg en 'n professionele LLM in strafprosesreg

## NWU-navorsingsentiteit

Navorsingseenheid vir Reg, Geregtigheid en Volhoubaarheid

## Navorsingsleerstoel

DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Stede, die Reg en Omgewingsvolhoubaarheid (SARChI)

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Ons deel ons regskundigheid op gemeenskapsradioprogramme en deur ons regsklinieke verskaf ons gratis regsdienste aan mense wat nie regsadvies kan bekostig nie.

# NATUUR- EN LANDBOU-WETENSKAPPE

## Entrepreneuriese leer

Ons het verskillende kwalifikasies wat op entrepreneuriese leer fokus, byvoorbeeld in die vakgebiede van aktuariële wetenskap, bedryfswiskunde en informatika, en besigheidsanalise.

## NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum vir Ruimtenavorsing
- Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI)
- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur (EOWB)
- Chemiese Hulpbronveredeling (CHV)
- Menslike Metabolomika
- Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering (MaSIM)
- Voedselsekuriteit en -veiligheid

## Navorsingsleerstoele

- DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Astrofisika en Ruimtefisika (SARChI)
- DWT/NNS SA-NAM Bilaterale Navorsingsleerstoel in Astronomie en Astrofisika (SARChI)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- DWT/NNS-sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels (SIKS)
- Sentrum vir Menslike Metabolomika

## Uitsonderlike programme

Die fakulteit bied uitgebreide voorgraadse landboukundige, omgewings- en wetenskapprogramme aan, maar is veral bekend vir die diepte en omvang van sy meesters- en doktorsgraadprogramme. Dit sluit die volgende in:

- MSc in astrofisika en ruimtewetenskap
- MSc in omgewingwetenskappe met geïntegreerde plaagbestuur
- PhD in dieregesondheid
- Baccalaureus- en meestersgraad in inheemse kennisstelsels
- PhD in wetenskap met ramprisikowetenskap
- BScHons in omgewingwetenskappe

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Ons projekte sluit aan by die behoeftes van gemeenskappe.

- Een van ons projekte bring kennis oor die vermindering van ramprisiko's na plaaslike regerings om dienslewering vir plaaslike gemeenskappe te verbeter. In 'n ander projek leer ons 'n plaaslike gemeenskap hoe om die klimaatsveranderingbestande supervoedsel amarantgraan te verbou en te bemark. Dan is daar die nano-waterfiltrasieaanleg wat veilige drinkwater aan Madibogo verskaf.
- Ons Nguni-beesprojek bemagtig opkomende boere om kommersieel georiënteerd te raak, terwyl 'n ander projek gaan oor die ontwikkeling van inheemse terapieë vir beesvoerbedrywe.
- Ons twee wetenskapsentrums bevorder wetenskap, tegnologie, ingenieurswese, wiskunde en inligtingswetenskappe onder plaaslike skole en die publiek.

# TEOLOGIE

## Uitsonderlike programme

- Ons BA in antieke tale is een van die min programme in Afrika wat spesialiseer in Grieks, Hebreeus, Aramees en ander tale wat nodig is vir diep ontleding en bestudering van antieke tekste en die Bybel.

  Ons is ook een van die min universiteite wat 'n tradisionele klassieke graad aanbied, asook 'n uitsonderlike algemene kursus in antieke kulture en 'n groot verskeidenheid spesialiskursusse in Egipties, Akkadies en ander antieke kulture.
- Die BTh met pastorale berading en sielkunde het die unieke kombinasie van opleiding in pastorale sorg en sielkunde.
- Dan is daar die BTh vir studente wat die bediening wil betree in die Apostoliese Geloofsending (AGS). Hierdie program word deur afstandsonderrig aangebied.
- Die BDiv daarteenoor is vir studente wat predikante wil word in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (of ander kerke in die gereformeerde tradisie).
- Die MTh in Christelike bediening-program het agt gespesialiseerde vertakkings en fokus op die praktyk van bediening.
- Ook noemenswaardig is ons PGDip-program, wat dit vir studente uit ander vakgebiede moontlik maak om 'n meestersgraad in teologie te doen.

## Gemeenskapsprojekte

Ons programme is prakties sowel as geestelik van aard.

- Die LIFEPLAN®-opleidings- en -toerustingsprogram verskaf opleiding aan plaaswerkers oor temas soos verhoudinge, selfbeeld, finansiële bestuur en burgerskap.
- Deur die Vaderskapsopleidings- en -toerustingsprogram leer ons die inwoners van Potchefstroom se aanhoudingsfasiliteite vir verhoorafwagtendes om meer doeltreffende pa's te wees.
- Ons bied verskeie programme by plaaslike skole aan. Hierdie programme moedig leerders aan om goeie landsburgers te wees, help hulle met studiemetodes, fokus op die higiëniese welstand van skoolmeisies en bevorder leerders se geletterdheid en akademiese vaardighede.

  Die Skool vir Antieke Tale bied ook formele taalklasse aan vir laer- en hoërskoolleerders in Potchefstroom.

## NWU-navorsingsentiteite

- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Antieke Tekste: Teks, Konteks en Ontvangs

# KENNIS SONDER GRENSE

Ons Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) is die tweede-grootste verskaffer van oop afstandsleerprogramme in Suid-Afrika, en bestuur akademiese programme van ses van ons agt fakulteite. Die meeste van die 19 000 studente wat daardeur bereik word, is van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe.

Verder bied die eenheid die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) aan ongeveer 550 deelnemers in Suid-Afrika aan.

Oor die afgelope 16 jaar is meer as 85 000 NWU-kwalifikasies aan OAL-studente toegeken, waarvan bykans 6 000 in 2018 was.

## Hoe ons dit doen

Ons 86 leerondersteuningsentrums regoor Suid-Afrika en in Namibië is toegerus met interaktiewe witborde.

Met hierdie interaktiewe tegnologie kan studente en dosente die meer as 200 interaktiewe witborde gebruik om te tik, te teken en mekaar te sien en hoor.

Agt moderne ateljees maak nasionale en internasionale uitsendings moontlik vanaf die Eenheid vir Oop Afstandsleer se gebou op die kampus in Potchefstroom. Die kontaksessies word opgeneem en op die web gelaai sodat die studente enige tyd toegang tot die lesse kan kry vir hersiening.

Dosente en programfasiliteerders is beskikbaar vir akademiese ondersteuning via telefoon, e-pos, en faks. Dit is ook moontlik om 'n afspraak met 'n dosent te maak vir persoonlike hulp.

Die eenheid het 114 eksamensentrums en hanteer ongeveer 50 000 eksamenskrifte tydens elke eksamensessie.

## Ons groeiende voetspoor

Die meeste van die provinsiale onderwysdepartemente het reeds ooreenkomste met die NWU aangegaan om ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers se kwalifikasies en vaardighede te verbeter. Met die hulp van vrygewige donateurs kan ons beurse beskikbaar stel vir 'n aantal onderwysers in landelike gebiede.

# ONS LEWER GOED AFGERONDE STUDENTE

Die NWU is 'n plek waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeelding, hul drome visualiseer en hul toekomstige sukses kan begin ontwikkel. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die wye verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

## Studenteprofiel


Diversiteit is die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dit gee aan ons studente 'n mededingende voordeel, want hulle verbeter hul vermoë om te kommunikeer en interaksie te hê.

**In *2019 het die NWU se studenteprofiel so gelyk (soos op 1 Junie):**

| | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 63 135 | 64 070 | 69 736 | 62 558 | 65 212 | 66 737 |
| Kontak | 37 193 | 37 943 | 39 064 | 41 765 | 43 418 | 43 930 |
| Afstand | 25 942 | 26 127 | 30 672 | 20 793 | 17 794 | 22 807 |


**(2019-syfers is nie finaal nie)*

## Rassesamestelling




**(2019-syfers is nie finaal nie)*

## Geslagsamestelling




**(2019-syfers is nie finaal nie)*

# Voorgraads vs nagraads

Alhoewel die meeste studente voorgraadse studente was, het die NWU ook 'n beduidende aantal nagraadse studente in *2019 gehad:

**2 865** meestersgraad-studente

**1 443** doktorsgraad-studente

**(2019-syfers is nie finaal nie)*

# Studie-opsies

Hier is sommige van die studiekeuses van studente in *2019:

| Hoofstudierigting | Kontak | Afstand |
|---|---|---|
| Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie | 11 741 | 91 |
| Besigheid en bestuur | 11 590 | 0 |
| Opvoedkunde | 7 219 | 21 988 |
| Geestes- en sosiale wetenskappe | 11 078 | 598 |

**(2019-syfers is nie finaal nie)*

# Akademiese sukses: so help ons

Ons bied verskeie programme aan om studente akademies by te staan:

- Alle eerstejaarstudente doen akademiese geletterdheids- en vaardigheidstoetse om te bepaal of hulle sal baat by die addisionele akademiese geletterdheidsmodules wat aangebied word.
- Ander akademiese ondersteuning sluit in eweknimentorskap, tutoriale, leeslaboratoriums en skryfsentrums.
- Ons bied ook Aanvullende Onderrig (AO) aan, wat 'n internasionaal erkende akademiese ondersteuningstelsel vir studente is.
- Die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) is 'n oorbruggingsprogram vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- Ons bied opknappingsprogramme in wiskunde aan vir eerstejaarstudente wat geregistreer is vir programme wat modules in wiskunde insluit.
- Ons verskeie uitgebreide programme maak dit vir studente moontlik om hul studies oor 'n langer tydperk te voltooi.

# Oos, wes, tuis bes

Ons verskaf tans 10 646 beddens wat deur Inwoning en Voedseldienste bestuur word. Dit sluit in beddens wat die NWU besit en ander wat by private verskaffers gehuur word (en bedryf word as deel van die universiteit se formele koshuise).

Die aantal studente wat in geakkrediteerde behuising bly wat deur privaat verhuurders verskaf word, word geskat op 'n bykomende 3 350 beddens, terwyl nog baie meer studente in privaat niegeakkrediteerde fasiliteite bly.

Daar is 38 NWU-koshuise op die drie kampusse, plus een niekampuskoshuis in Vanderbijlpark, waar ons ook 'n bykomende vier koshuise in die dorp huur. 'n Nuwe koshuis op die kampus in Vanderbijlpark is voltooi en studente het in Julie 2019 ingetrek.

In die volgende 10 jaar wil ons minstens 50% van ons kontakstudente en 75% van ons eerstejaarstudente in koshuise huisves.



# Reik ’n helpende hand

**Ons moedig ons studente aan om deur vrywilligersdiens tot die samelewing by te dra.**

Sedert 2001 is ons kampus in Potchefstroom die tuiste van die grootste geregistreerde studentewelsynsorganisasie (die Studentejoolgemeenskapsdiens) ter wêreld. In 2019 het die 2018-Joolkomitee ongeveer R2,1 miljoen aan verdienstelike projekte en individue geskenk uit fondse wat die vorige jaar deur die SJGD en JOOL ingesamel is.

Die kampusse hou ook fondsinsamelingsgeleenthede soos gholf- en jazz-dae en fietswedrenne om seker te maak dat behoeftige studente elke dag twee gebalanseerde etes ontvang. Studente doen ook vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuise en organisasies wat met diere werk, soos die DBV en Paws.

’n Totaal van 15,7 ton klere en komberse is tydens fondsinsamelingsgeleenthede bymekaargemaak en word in die gemeenskap versprei. Behoeftige studente het ’n totaal van R925 776 van die SJGD ontvang.

Studente bied ook ekstra wiskundeklasse in skole aan om onderwysers te help.



# GEE DIE VERBEELDING EN VOETE VLERKE

Studente het talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

## Kultuur in die kollig

Kultuuraktiwiteite sluit in debat, drama, dans en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarkonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunsfeeste, uitstallings en kompetisies, kampusradiostasies en studentekoerante.

## Op julle merke, gereed...

Die NWU kan, op grond van prestasies op die sportveld, daarop aanspraak maak dat ons een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is. Die NWU spog met die volgende:

- Rugby-instituut
- Sokker-instituut
- Hokkie-akademie
- Kanoklub

### Ons het sewe groot sportkodes:

- Atletiek
- Krieket
- Hokkie
- Netbal
- Rugby
- Sokker
- Tennis

### Ons het ook talle kleiner sportkodes en -aktiwiteite:

Fietsry / karate / sagtebal / muurbal / rotsklim / tafeltennis / mededingende skaak / liggaamsbou / boks / netbal / dans / sewesrugby / aërobiese oefeninge / jujitsu / watersport (roei en kanovaart) / marathon / basketbal / “tent pegging”

# Ons is die kampioene

NWU-sportspanne en individue het uitstaande prestasies opgelewer in die Universiteitsport Suid-Afrika-kampioenskappe (USSA) en die Varsity Sport-kompetisie.

## Hier is ŉ paar van die nuutste USSA-hoogtepunte:



**KARATE**
**EERSTE**
Algehele wenners vir 20 jaar agtereenvolgens



**GIMNASTIEK**
**EERSTE**
Algehele wenners vir die derde agtereenvolgende jaar

**1ste** – Atletiek, netbal en pluimbal (A- en B-span)

**2de** – Vrouehokkie en gholf B-span

**3de** – Manshokkie, vrouebasketbal, liggaamsbou en muurbal (A- en B-span)

## Uitslae van Varsity Sport:

**1ste** – Atletiek, sokker en vrouehokkie

**3de** – Rugby

# Op die wêreldkaart

'n Aantal NWU-studente druk hul stempel af op die gebied van internasionale studentesport.

Veertien atlete het aan die Internasionale Universiteitesportfederasie (FISU) se Wêreldstudentespele in Italië deelgeneem. Chederick van Wyk het silwermedaljes gewen vir die 100 m en 200 m. Rantso Mokopane het 'n silwermedalje gewen in die 3000 m-hinderniswedloop.

Drie atlete het Suid-Afrika in die IAAF se Landloopwêreldkampioenskap in Denemarke verteenwoordig en ses atlete het die Afrikaspele in Marokko bygewoon.

Chederick van Wyk het aan die Wêreldaflosspele in Yokohoma, Japan deelgeneem. Hy was deel van die mans-4x200 m-span wat 'n silwermedalje gewen het. Hulle het ook 'n nuwe SA rekord opgestel.

Chanté du Toit het aan die Internasionale Gimnastiekfederasie se ritmiese gimnastiek-geleentheid in Rusland deelgeneem.

Nadia Blaauw was deel van Swem Suid-Afrika se Oopwaterspan wat aan die Len Cup se 10 km-geleentheid in Spanje deelgeneem het.

Pieter van den Berg is aangewys as hoofafrigter van die Wêrelduniversiteite-seweskampioenskap wat in Milaan, Italië, gehou is. Twee NWU-spelers, Longulo Goza en Eugene Hare, het die SA span gehaal.

# Top-oefenbestemming

Elite-sportmanne en -vroue gebruik die eerste-klas-fasiliteite by die NWU-Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI). Dit het een van die bes toegeruste sportgimnasiums in Afrika en bied 'n volledige reeks sportafrigting-, genees-kundige-, navorsings-, voedings- en sportsiel-kundige dienste.

Die Instituut vir Sportwetenskap en -ontwikkeling lewer wetenskaplike ondersteuningsdienste aan nasionale en provinsiale sportfederasies, die Noordwes-Akademie vir Sport en verskeie sportkodes op ons kampusse.

'n Moderne "sportdorp" op die NWU se kampus in Potchefstroom bied akkommodasie aan nasionale en internasionale sportspanne wat by die universiteit oefen.



# NAVRAE EN KONTAKBESONDERHEDE

**Theo Cloete**
Direkteur: Bemarking en Studentewerwing
Tel: +27 18 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

**Louis Jacobs**
Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie
Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

**Warren Makgowe**
Direkteur: Belanghebberverhoudinge
Tel: +27 16 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

## Erkenning:

**Samestelling:**
Korporatiewe Kommunikasie, NWU

**Ontwerp, uitleg en drukwerk**
Alexander Marnewick vir AFRICAN SUN MeDIA
www.africansunmedia.co.za
info@africansunmedia.co.za

**Fotografie**
NWU-diensverskaffers en -kollegas

NWU®